basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# JAARLIKSE NASIONALE ASSESSERING

# GRAAD 1

# WISKUNDE

# STEL 1: 2012 MODELVRAE

## RIGLYNE BY DIE GEBRUIK VAN JAARLIKSE NASIONALE ASSESSERINGSVOORBEELDE (ANA)

### 1. Algemene oorsig

Die Jaarlikse Nasionale Assessering (ANA) is 'n summatiewe assessering van die verwagte kennis en vaardighede wat leerders aan die einde van graad 1 tot 6 en graad 9 moes ontwikkel het. As hulpmiddel vir die skoolgebaseerde assessering en om te verseker dat leerders die nodige selfvertroue ontwikkel om suksesvol deel te neem aan eksterne assessering, het opvoedkundige panele en vakspesialiste voorbeeldvraestelle vir Taal- en Wiskunde-onderrig saamgestel. Die voorbeeldvraestelle is op die kurrikulum gebaseer en strek oor die eerste drie kwartale van die skooljaar. Daar is ook 'n volledige Jaarlikse Nasionale Assesseringsmodeltoets (ANA). Die voorbeeldvraestelle, insluitend die modeltoets, is slegs aanvullend tot die skoolgebaseerde assessering wat leerders deurgaans moet voltooi en vervang nie die skoolgebaseerde assessering nie.

### 2. Die struktuur van voorbeeldvraestelvrae

Die voorbeeldvraestelle is ontwerp om verskillende tegnieke of style te illustreer om dieselfde vaardighede en/of kennis te assesseer. Sommige van die inhoudkennis of 'n vaardigheid kan byvoorbeeld geassesseer word deur 'n meervoudigekeuse-vraag (waar leerders die beste antwoord uit die gegewe opsies kies) of 'n stelling (wat van die leerder vereis om 'n kort antwoord of 'n paragraaf te skryf) of ander soorte vrae (wat leerders vra om gegewe woorde/stellings met lyne te verbind, om gegewe sinne of patrone te voltooi, om hulle antwoorde met tekeninge of sketse te toon, ens.). Indien onderwysers en leerders dus 'n aantal voorbeeldvraestelvrae kry wat verskillend gestruktureer is, maar dieselfde ding vra, moet hulle verstaan dat dit opsetlik is en leerders moet op al die voorbeeldvraestelvrae reageer. Blootstelling aan 'n groot verskeidenheid vraagstellingstegnieke of -style gee leerders die nodige selfvertroue om toetse te konfronteer.

### 3. Verband met ander leer- en onderrigbronmateriaal

Sommige teksgedeeltes en vrae word doelbewus vir integrering met die graadverwante werkboeke verbind. Die voorbeeldvraestelle voldoen ook aan die vereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring (NKV) vir graad R tot 12, die bepalings van die Nasionale Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklarings (NKABV) vir die onderskeie grade en die Nasionale Protokol vir Assessering. Saam vorm hierdie dokumente, sowel as ander dokumente wat deur die skool voorsien kan word, 'n ryk bron van bronmateriaal wat onderwysers in staat stel om lesse te beplan en om formele assessering uit te voer (assessering van leer).

### 4. Hoe om die voorbeeldvraestelle te gebruik

Alhoewel die voorbeeldvraestelle vir die verskillende grade en vakke as 'n omvattende stel saamgestel is, beteken dit nie dat die onderwyser die hele stel net so aan die leerders moet gee om binne een sessie af te handel nie. Die onderwyser moet toepaslike voorbeeldvrae kies wat deel vorm van die beplande les. Kies sorgvuldig die afsonderlike voorbeeldvrae van die betrokke les of 'n hanteerbare hoeveelheid vrae en gebruik dit tydens die verskillende stadiums van die onderrig- en leerproses soos volg:

4.1 Aan die begin van 'n les as 'n diagnostiese toets om leerders se sterk en swak punte vas te stel. Die **diagnose** moet lei tot onmiddellike **terugvoer** aan leerders en **geskikte lesse** moet ontwikkel word om aandag te gee aan die geïdentifiseerde swak punte en om die sterk punte uit te bou. Die diagnostiese toets kan as tuiswerk gegee word om nie onderrigtyd te verloor nie.

4.2 Gedurende die les as 'n kort informatiewe toets om te assesseer of leerders die veronderstelde kennis en vaardighede ontwikkel soos wat die les ontwikkel en verloop en om seker te maak dat geen leerder agter raak nie.

4.3 By die voltooiing van 'n les of reeks lesse as 'n summatiewe toets om te assesseer of leerders voldoende begrip het en of hulle die kennis en vaardighede in die voltooide les(se) kan toepas. Spoedige terugvoer aan leerders is noodsaaklik, sodat die onderwyser kan vasstel of daar dele van die les(se) is wat weer behandel moet word om spesifieke kennis en vaardighede vas te lê.

4.4 Om by alle fases leerders aan verskillende tegnieke van assessering of vraagstelling bloot te stel, bv. hoe om meervoudigekeuse-vrae (MK) te beantwoord, oop vrae of vryeresponsvrae, kortvrae, ens.

Waar diagnostiese en formatiewe toetse korter in terme van die aantal vrae kan wees, sal die summatiewe toets heelwat meer vrae insluit om 'n volwaardige toets te wees, afhangend van die hoeveelheid werk wat reeds teen 'n sekere tyd behandel is. Dit is egter belangrik om seker te maak dat leerders uiteindelik genoeg oefening kry in 'n volwaardige toets, soortgelyk aan dié van die Jaarlikse Nasionale Assesseringsmodeltoets.

## 5. Memorandum of riglyne vir antwoorde

'n Tipiese voorbeeld van die verwagte respons (memorandum) word by elke voorbeeldtoets en Jaarlikse Nasionale Assesseringsmodeltoets-antwoorde gegee. Onderwysers moet in gedagte hou dat die memorandum geensins rigied is nie. Die memorandum gee slegs breë riglyne ten opsigte van verwagte response en onderwysers moet aanvaarbare moontlikhede ondersoek en ander aanvaarbare response van die leerders aanvaar.

## 6. Kurrikulumdekking


Dit is van kardinale belang dat die kurrikulum in elke klas ten volle behandel moet word. Die voorbeeldvraestelle vir elke graad en vak verteenwoordig nie die kurrikulum in sy geheel nie. Dit is slegs 'n **voorbeeld** van belangrike kennis en vaardighede en slegs van toepassing op die werk wat in die eerste drie kwartale van die skooljaar behandel word. Die tempo waarteen die werk in sekere kwartale behandel moet word, is vervat in die betrokke Nasionale Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklarings (NKABV).

## 7. Gevolgtrekking

Die doelwit van die Departement is om die vlak en kwaliteit van leerderprestasie in die kritiese grondslagvaardighede van gesyferdheid en geletterdheid te verbeter. Die Jaarlikse Nasionale Assesseringsmodeltoets is een instrument wat die Departement gebruik om vas te stel of leerderprestasie verbeter, dieselfde bly of verswak. Daar word van distrikte en skole verwag om onderwysers te ondersteun en om die nodige hulpmiddels daar te stel om die effektiwiteit van onderrig en leer in skole te verbeter. Deur van die Jaarlikse Nasionale Assesseringsmodeltoetse gebruik te maak as deel van die onderwyshulpmiddels, sal onderwysers leerders help om vertroud te raak met verskillende vorms en tegnieke van assessering. Indien die voorbeeldvraestelle behoorlik aangewend word, sal dit help dat leerders die toepaslike kennis en vaardighede bekom om effektief te leer en om beter te vaar in toekomstige Jaarlikse Nasionale Assesseringstoetse.


## GETALLE, BEWERKINGS EN VERWANTSKAPPE.

1. Tel die appels en skryf die getalsimbool neer.



____________________

2. Tel die stoeltjies en skryf die getalnaam.




____________________

3. Skryf die aantal skoene in die blokkie. Die eerste ry is vir jou gedoen.


| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
|  |  | | | | 2 | |
|  |  |  | | | | |

4. Hoeveel sye het hierdie vorm**?**



______________

5. Kyk na die aantal sirkels in die eerste raam en teken net soveel in die tweede raam.



6. Vul die ontbrekende getalle in.

a.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1 | | | 4 | 5 |




b. 1, 2, _______, _______, 5

c. 5, 4, _______, ________, 1

d.



| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 5 | | 3 | | 1 |

7. Trek ‘n lyn om die aantal voëls met die ooreenstemmende getalsimbool te verbind.

| | | |
|---|---|---|
|  | | 2 |
|  | | 9 |
|  | | 6 |
|  | | 4 |

8. Kyk na die prentjie.

Omkring die getal wat by die aantal artikels in elke groep pas.

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
|  | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
|  | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
|  | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
|  | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
|  | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

9. Trek 'n reguit lyn om die getalsimbole wat dieselfde is te verbind.

●8 ●7 ●5

●5 ●8 ●7

10. Kopieer die gegewe getalsimbole in elke sirkel.

5

2





11. Skryf die getalsimbool vir die ooreenstemmende getalnaam in elke blokkie.

Vier sterre

Twee blomme

Een hasie

12. Voltooi die onderstaande tabel.

| Voorwerp | Getalsimbool | Getalnaam |
|---|---|---|
|  | ________ | Vier |
|  | 2 | ________ |
|  | ________ | Vyf |
|  | 3 | ________ |
|  | 1 | ________ |

13. Skryf die getalname vir die volgende getalsimbole.

| | |
|---|---|
| 5 | |
| 1 | |
| 3 | |
| 4 | |
| 2 | |

14. Verbind die getalsimbool met die regte getalnaam.

| | | |
|---|---|---|
| 3 | | Een |
| 2 | | Twee |
| 1 | | Vier |
| 4 | | Drie |
| 5 | | Vyf |

15. Kyk na die kruisies en kolletjies. Voltooi dan die sinne deur die woorde **"meer"** of **"minder"** in te vul.


**X X X**

● ●

Daar is _______ kruisies as kolletjies.

Daar is _______ kolletjies as kruisies.


16. Kyk na die prentjies en beantwoord dan die vrae.

a 



**bok** **hen**


Die ___________ het meer bene as die ____________.


b. 



**motor** **fiets**

Die ___________ het minder wiele as die __________.

c. 



**vierkant** **driehoek**

Die ___________ het meer sye as die _____________.


17. Rangskik die volgende getalle van die kleinste tot die grootste.

5, 3, 2, 4, 1


____________________________________________________

18. Skryf die volgende getalle, van groot na klein, op die vlaggies.


2, 1, 4, 5, 3




19. Skryf die getalle **3, 2, 1, 4, 5** van klein na groot in die sirkels. Die grootte van die getal moet pas by die grootte van die sirkel **.**



20. Skryf die getalle van 1 tot 5 op die regte plekke op die getallelyn. Een getal is vir jou ingevul.




21. Vul die ontbrekende getal op die getallelyn in.



## PROBLEEMOPLOSSING

22. Anna het 3 piesangs en Theo het 2 piesangs.

Hoeveel piesangs het Anna en Theo altesaam**?**

_________________________

23. Ntombi pluk 2 blomme en Sara pluk 2 blomme.

Hulle pluk saam _________ blomme.

24. Phuti het 1 koekie en Pat het 2 koekies.

Phuti en Pat het _______ koekies altesaam.

25. 2 lemoene en 3 lemoene is altesaam ________ lemoene.

26. 4 wortels neem weg 1 wortel laat ______ wortels.

27. Thabo het 3 lekkers. Tumi vat vir hom 2 van die lekkers.

Hoeveel lekkers het Thabo nou**?**

_______________________

28. 2 appels minder as 4 appels is _____appels.

29. Chantel het 5 albasters. Sy gee vir Mary 3 albasters.

Chantel het __________ albasters oor.

30. ‘n Boer het 4 koeie. Hy verkoop 2 koeie.

Hy het _______ koeie oor.

**BEWERKINGS – OPTELLING EN AFTREKKING.**

31. Kyk na die prentjies en beantwoord vrae a tot c.


a. 

1  en 1  is __________ appels.


2  en 1  is __________ appels.

2  en 3  is __________ appels.

b. 

2  en 2  is _________ voëls.

3  en 1  is __________ voëls.

2  en 3  is _________ voëls.

c. 


4 skoene neem weg 2 skoene is __________ shoes.



3 skoene neem weg 1 skoen is __________ skoene.


## PATRONE, FUNKSIES EN ALGEBRA

32. Voltooi die patroon.




__________ ______________

33. Teken die volgende 2 voorwerpe in die patroon.



________ ________


34. Teken die volgende 2 stelle kolletjies in die patroon.



___________

**RUIMTE EN VORM**


35. Kyk na die prentjie hieronder. Omkring die letter van die sin wat die prentjie beskryf.



**A**. Die bal is **op** die boks.

**B**. Die bal is **onder** die boks.


36. Onderstreep die woord "**regs**" of "**links**" om die sin waar te maak .






Die boom is **regs/links** van die kat.


37. Is die vorm van die gesig 'n **bal of ‘n boks?**



Die vorm is ‘n ________________________

38. Verbind die prentjie met die regte vorm.






**METING.**


39. Omkring die word wat verband hou met die prentjie.




**oggend/aand**

40. Maak 'n "X" bokant die langste voorwerp.






41. Omkring die kortste voorwerp.





42. Omkring die swaarste dier.





43. Maak 'n **"X"** bokant die ligste voorwerp.





44. Onderstreep die swaarste dier

